# Bly buite!

Storie deur Margot Bertelsmann
Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

Luke se basis is onder in die tuin. Dit is van hout gemaak en het regte glasvensters. Mamma hou haar hark vir tuinmaak daarin. Mamma se kêrel, Trevor, hou sy saadkissies daar om groente in te plant.

Maar hulle albei huur net ruimte. Die tuinhuisie is eintlik net vir Luke. Hy hou al sy beste geheime daarin. Op een rak het hy sy boublokke en aksiefiguurtjies gerangskik. In ’n sak in ’n hoek is sy albasters. Daar is plek vir die hond, Sally, in die ander hoek op een van Luke se ou komberse.

Luke verf ’n teken vir die deur: BLY BUITE! Almal buiten Luke en Sally moet toestemming vra as hulle in die tuinhuisie wil inkom. Almal is meestal gehoorsaam – behalwe Felix.







“Luke, die bollieskoppie is in die tuinhuisie,” sê Mamma. “Mag ek dit gaan haal?”

“Ek sal dit gaan kry!” sê Luke.

“Alles wat jy kan doen, kan ek beter doen,” sê Felix, maar dis nie waar nie. Luke tel al die hondebollie self op.

Trevor het petrol vir die grassnyer nodig. Hy hou dit ook in Luke se basis. “Ek sal dit kry!” skree Luke.


Hy bring die brandstofkan uit, en Trevor wys hom hoe om die grassnyer vol te maak. Trevor trek die koord, een, twee, drie keer. Dit begin werk! Wroem. Trevor laat Luke ’n strook sny nadat hy sy tekkies self aangetrek het.

Felix wil ook ’n beurt hê. “Kyk hoeveel gras het ek gesny,” spog hy. “En baie beter as jy.”



Luke se gesig is rooi van woede.

Felix is verveeld. Hy stap na die deur van die tuinhuisie. “Ek kom in,” kondig hy aan. Hy klop nie eens nie.



Trevor kyk na Mamma. Mamma rol haar oë.

Luke lê en wag.

Felix ruk aan die deurhandvatsel. Plas! Hy is sopnat van kop tot tone.

Felix hardloop om homself af te droog en ’n ander hemp aan te trek. Dan kom hy terug.

“Ek gaan jou kry!” skree hy. Hy skop die deur. Piets! Luke het nog ’n valstrik opgestel. ’n Vlieëplak tref vir Felix teen die voorkop.

“Eina! Ek sal jou kry hiervoor,” belowe Felix.



Felix beplan hoe om wraak te neem. Hy is besig met iets buite die deur.

“Kom uit, Luke!”

“Hoekom?” vra Luke. “Dink jy alles wat ek kan doen, kan jy beter doen?”

“Miskien,” sê Felix en lag by homself.

Luke kruip by die venster aan die kant van die tuinhuisie uit. Hy loop op sy tone ’n wye draai om Felix en kom agter hom staan.

“Wel, ek dink nie dit is waar nie,” sê Luke van agter Felix se skouer en wys na die teken teen die deur. “JY kan nie eens ’n teken lees nie.”



# Bly buite!

Storie deur Margot Bertelsmann • Illustrasies deur Natalie en Tamsin Hinrichsen

## Idees om oor te gesels

Luke het sy eie spesiale plek. Het jy 'n spesiale plek by die huis? Indien nie, waar kan jy vir jouself een maak?

Wat dink jy van die manier waarop Felix en Luke teenoor mekaar optree? Wat kan hulle anders doen?

## Visueel

Teken 'n prentjie van een van die poetse wat Luke sy broer bak.

## Lees

Kyk mooi na die eerste prentjie. Lees weer die teks op hierdie bladsye en vind dan die voorwerpe wat aan Trevor en Luke behoort in die prentjie.

## Skryf

Maak jou eie "Bly buite"-teken.

## Handwerk

Gebruik 'n eierboksie as 'n saailingbak en plant 'n paar sade daarin. Merk die sade deur klein prentjies te teken van die soorte plante wanneer hulle volgroeid is. Plak hierdie prentjies op klein stokkies en plaas dit by hul sade.

## Speel toneel

Maak 'n spesiale "grot" om in te speel en te lees deur komberse oor stoele te sit. Neem jou gunstelingboeke en -speelgoed in jou grot in. Plaas die "Bly buite"-teken wat jy gemaak het, buite jou grot.